# Agri SA

## Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

## Kommersiële landbouprodusente in oorlewingstryd weens die droogte
## Commercial farmers in drought stricken areas battling to survive

18 Julie/July 2016

## Kommersiële landbouprodusente in oorlewingstryd weens die droogte

Agri SA se kantoor word tans oorweldig deur versoeke vanaf uiters desperate kommersiële en opkomende landbouprodusente om droogtehulp. Ons doen dus ‘n beroep op die korporatiewe sektor en algemene publiek om finansieel by te dra tot Agri SA se droogtehulpfonds vir die befondsing van voerpille en die vervoer daarvan na produsente in nood.

‘n Ander groot probleem wat Agri SA ondervind is dat ‘n toenemende getal hoogs produktiewe en suksesvolle kommersiële produsente tans sukkel om kop bo water te hou. Ons doen ‘n beroep op kommersiële banke en agribesighede om maniere te vind om grootskaalse bankrotskappe onder hierdie produsente te verhoed. Ons vra ook dat die regering hulp verleen aangesien hierdie produsente ‘n belangrike rol speel om voedsel op groot skaal vir die kommersiële mark te produseer.

Dit is veral produsente in dele van die Noord-Kaap, Vrystaat en Noordwes, Oos-Kaap en Wes-Kaap wat ‘n ernstige krisis in die gesig staar en dringend finansiële hulp benodig. Hulle kan nie langer bekostig om veevoer aan te koop nie en het nie die nodige kontant om hul boerderye aan die gang te hou nie. Boorgate op baie plase het ook begin opdroog en diere is besig om te vrek. Plaaswerkers en hul gesinne het ook dringend humanitêre hulp nodig.

Die voortdurende droogte in dele van Suid-Afrika het ‘n geweldig negatiewe en vernietigende impak op sosio-ekonomiese omstandighede in baie landelike gemeenskappe. Die verlies aan ‘n toenemende getal kommersiële produsente wat die ruggraat van ekonomiese groei en werkskepping uitmaak, sal bloot die armoede en werkloosheid in hierdie gebiede vererger.

Agri SA doen ‘n beroep op die korporatiewe sektor en die algemene publiek om by te dra tot Agri SA se droogtehulpfonds aangesien ons produsente nou meer as ooit tevore ons hulp nodig het.

Hier volg ‘n opgedateerde verslag oor die hulp wat boere uit Agri SA se droogtehulpfonds ontvang het:

| | |
|---|---|
| Bydrae deur die korporatiewe sektor, internasionale skenkers, kerkgemeenskappe en die algemene publiek | **R16-miljoen** |

| | |
|---|---|
| Getal kommersiële boere wat hulp ontvang het | **12 921 kommersiële boere** |
| Getal opkomende boere wat hulp ontvang het | **3 053 opkomende boere** |
| Totale getal boere wat hulp ontvang het | **15 974 boere** |
| Getal bale (rond en vierkantig) wat versprei is | **66 557 bale** |
| Getal sakke voerpille wat versprei is | **36 609 sakke voerpille** |

| | |
|---|---|
| Getal plaaswerkers en landelike gesinslede wat van kospakkies en gebottelde water voorsien is | **9 057 plaaswerkers (x4 lede = 36 228 landelike gesinslede)** |
| Getal trokke wat gebruik is | **579 trokke** |
| Getal skenkers wat fondse beskikbaar gestel het | **1 300 skenkers** |
| Getal mieliemeel- en voedselpakkies wat versprei is | **236 ton** |
| Getal gebottelde water wat versprei is | **548 000 liters** |
| Getal watertenke wat geskenk is en boorgate wat gesink is | **20 watertenke**<br>**3 boorgate** |

| **FINANSIËLE OORDRAGTE AAN PROVINSIES VANUIT DIE DROOGTEFONDS** | |
|---|---|
| Noord-Kaap | **R 3 418 421.00** |
| Noordwes | **R 3 389 474.00** |
| Vrystaat | **R 3 189 474.00** |
| Wes-Kaap | **R 2 250 000.00** |
| Oos-Kaap | **R 889 474.00** |
| KwaZulu-Natal | **R 505 263.00** |
| Ander provinsies | **R 607 895.00** |

Die tekort aan wintervoer is ‘n ernstige probleem en enige skenkings deur die publiek sal hoog op prys gestel word. Verdere oordragte vanuit die droogtehulpfonds sal in Augustus en September gemaak word aan die provinsies wat ernstige tekorte aan veevoer of wintervoer ervaar.

Die bankbesonderhede is soos volg:

Begunstigde: **Agri SA Drooogtehulpfonds**
Bank: **ABSA**
Rekeningtipe: **Tjek**
Rekeningnommer: **40-6854-0775**
Tak-kode: **632 005 (Besigheidsbank – Pretoria-Oos)**
Begunstigde se verwysing: **RAMP**

Groot waardering.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

**Navrae**
Mnr Omri van Zyl, Uitvoerende Direkteur, Agri SA, 012-643 3400 of 082 417 5724
Mnr Christo van der Rheede, Adjunk Uitvoerende Direkteur, Agri SA, 012-643 3400 of 083 380 3492

# Commercial farmers in drought stricken areas battling to survive

Agri SA's office is currently inundated with calls for drought relief assistance from very desperate commercial and emerging farmers. We therefore call on the corporate sector and public to contribute financially to the Agri SA drought relief fund in order to finance the purchasing of feed pellets and the transportation thereof to farmers in need.

Another big concern to Agri SA is the fact that more and more highly productive and successful commercial farmers are struggling to make ends meet. We appeal to our commercial banks and agri businesses to find ways and means to prevent large scale bankruptcies amongst these farmers. We also appeal to government for assistance as these farmers have played a crucial role to produce food on a large scale for the commercial market.

It's especially farmers in parts of the Northern Cape, Free State and North West, Eastern Cape and Western Cape that face a severe crisis currently and who are in desperate need for financial assistance. They can no longer afford to buy animal feed and lack the cash flow to keep farm operations going. Boreholes on many farms are also starting to dry up and animals are busy dying. Farm workers and their families also have a desperate need for humanitarian assistance.

The continuous devastating impact of the drought in parts of South Africa do have a very negative and destructive effect on the socio-economic fiber of many rural communities. Losing more and more of our commercial farmers who are the backbone of economic growth and job creation will just exacerbate the conditions of poverty and unemployment.

Agri SA is appealing to the corporate sector and the general public to contribute towards the Agri SA Drought Relief Fund because our farmers need our assistance now more than ever.

Herewith an updated report about Agri SA's drought relief assistance provided to farmers:

| | |
|---|---|
| Contributions by the corporate sector, international donors, church communities and general public | **R16 million** |

| | |
|---|---|
| Amount of commercial farmers assisted | **12 921 commercial farmers** |
| Amount of emerging farmers assisted | **3 053 emerging farmers** |
| Total amount of farmers assisted | **15 974 farmers** |
| Amount of bales (round and square) distributed | **66 557 bales** |
| Amount of bags of feed pellets distributed | **36 609 bags of feed pellets** |
| Amount of farm workers and rural family members provided with food hampers and bottled water | **9 057 farm workers (x4 members = 36 228 rural family members)** |
| Amount of trucks used | **579 trucks** |
| Amount of donors who donated funding | **1 300 donors** |
| Amount of maize meal and food hampers distributed | **236 tonnes** |
| Amount of botteld water distributed | **548 000 litres** |
| Amount of water tanks donated and boreholes sunk | **20 water tanks**<br>**3 boreholes** |

| FINANCIAL DISBURSEMENT TO PROVINCES FROM DROUGHT FUND | |
|---|---|
| Northern Cape | **R 3 418 421.00** |
| North West | **R 3 389 474.00** |
| Free State | **R 3 189 474.00** |
| Western Cape | **R 2 250 000.00** |
| Eastern Cape | **R 889 474.00** |
| Kwazulu-Natal | **R 505 263.00** |
| Other provinces | **R 607 895.00** |

The shortage of winter fodder is a real problem and any contributions are greatly appreciated by the public. Further disbursements from the drought fund will be made in August and September to provinces that experience a severe shortage of winter feed.

Herewith the banking details below:

Beneficiary: **Agri SA Drought Relief Fund**
Bank: **ABSA**
Account Type: **Cheque**
Account Number: **40-6854-0775**
Branch Code: **632 005 (Business Bank - Pretoria East)**
Beneficiary Reference: **RAMP**

Much appreciated.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

**Enquiries**
Mr Omri van Zyl, Executive Director, Agri SA, 012-643 3400 or 082 417 5724
Mr Christo van der Rheede Deputy Executive Director, Agri SA, 012-643 3400 or 083 380 3492